

Jan Steyn preek 24 Junie 2018

Teks: Lukas 24:13-35

Tema: Teleurgestelde hoop

Inleiding:

Ons het so gehoop...maar. Dis die woorde van teleurgestelde hoop of teleurgestelde verwagting.

Hierdie twee dissipels van Jesus in Lukas 24 was laat die middag op pad van Jerusalem na Emmaus. Dit was vir hulle 'n tyd van groot onsteltenis en moedeloosheid. Hulle was op hierdie sonsondergangpad, want dit was al laat in die dag, maar ook geestelik en emosioneel het die sonsondergang oor hulle lewe gesak. Die donkerte het buite begin sak, maar ook in hulle harte en gemoedere. Hulle loop met somber gesigte, soos mense wat op pad na of op pad terug is van 'n baie somber begrafnis. Hulle is nie net besig om weg te loop van Jerusalem af, die plek waar hul Meester gekruisig is nie, hulle was eintlik besig om hulle van die Jesus wat gesterf het, te onttrek, om ook hulle rug op Hom te draai. Dis nou soos iemand skryf: Hopeful people don't leave town. Maar die twee dissipels het. Op juis die opstandingsondag nogal. Want dit was nou al die derde dag sedert Hy gekruisig is. Daar was hierdie Joodse volksgeloof dat na iemand gesterf het, sy gees nog drie dae lank naby die liggaam sou vertoef. Maar dan het die persoon se gees vertrek van die liggaam af en was daar geen kans op herlewing nie. Dit was al die derde dag.

Baie van ons ken die ervaring van teleurgestelde hoop of teleurgestelde verwagting. Ek het so gebid dat my pa of my kind gesond moet word, maar hulle het nie. Ons het so gebid voor ons die laaste oes ingesit het. Die Here het geweet dat as hierdie oes misluk, gaan ons ondergaan en die plaas moet verkoop. En toe misluk daardie oes waarop ons laaste hoop was. Ons het so gebid dat my vrou swanger mag raak en ons hierdie kindjie van ons eie mag hê en ons is steeds kinderloos. Ek het so gebid en die Here vertrou vir die werksonderhoude wat ek gaan doen het, maar ek is nog steeds werkloos. Ek het so gehoop dat my man of my vrou se gesindheid teenoor my kan verander, maar dit het nie en vandag is ons geskei en ek sukkel om voort te gaan met my lewe. Miskien ervaar jy net jou lewe het in hierdie doodloopstraat beland. En jy sien geen uitkoms nie en jy het geen verwagting dat dinge sal verander nie. Todd Weir skryf baie raak oor wat gebeur as jy nie meer hoop nie: When you don't hope, even though you hear of possibilities, you can't quite summon any enthusiasm, because you can't bear to be disappointed again.

Hoe help hierdie teks wat ons vandag gelees het ons met teleurgestelde hoop?

As jy teleurgestelde hoop ervaar, vertel vir Jesus daarvan:

Die opgestane Here Jesus sluit by hierdie twee dissipels aan op die pad na Emmaus. Hy sluit by hulle aan waar hulle is, in hulle ervaring van teleurgestelde hoop. Hulle erken Hom aanvanklik nie. Miskien omdat hulle Hom nie daar verwag nie, miskien omdat die opstandingsliggaam van Jesus bietjie anders gelyk het as Sy voorheen gewone aardse voorkoms. Hy vra vir hulle wat gebeur het: Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek? Vertel my. Ek wil graag weet wat in jul harte en gedagtes aan die gang is.

Die Here loop vandag nog die pad saam met jou en my ook deur SY Gees en Sy uitnodiging is ook oop vir jou en my: Vertel my daarvan. Wat is die oorsaak van jou pyn of jou teleurstelling? Phillip Yancey skryf in sy boek *Disappointment with God* dat die boek van Job ons leer dat ons enigiets vir die Here kan sê: Throw at Him your grief, your anger, your doubt, your bitterness, your betrayal, your disappointment- He can absorb them all. God can deal with any human response save one. He cannot abide the response I fall back on instinctively, an attempt to ignore him or treat him as though He does not exist.

Hy weet wat in ons harte en gedagtes leef, maar Hy weet ook dit help ons om dit in woorde om te sit. Om dit vir Hom te sê. Ons dien nie hierdie Here wat geen medelye met ons teleurstellings en moeilikhede het nie. Dit staan net so in Hebreërs 4:15: Die Hoëpriester wat ons het- dus Jesus wat die Een wat in ons plek voor God se oordeel gestaan het- is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie. Wat ook van Romeine 8:26: Die Gees staan ons ook in ons swakheid by.

Die feit dat HY opgevaar het na die hemel beteken nie Hy is nie saam met jou en my op pad nie. Hy ontmoet ook vir jou en my waar ons nou is en wil ons soos vir daardie twee dissipels bring tot insig en die bewussyn dat Hy ook by jou en my is. Nie net in buitengewone dinge nie, maar ook in die gewone alledaagse dinge soos as ons aan tafel saam met mekaar brood breek.

As jy teleurgestelde hoop ervaar, vra of jy nie verkeerde prentjies van God of Christenwees het nie:

Deel van hierdie twee dissipels se stryd was hul verkeerde prentjie oor Jesus. Ten spyte van alles wat Hy SY dissipels geleer het, het hulle nog steeds aan Hom gedink as hierdie politieke bevryder, die Een wat die Jode sou bevry van die heerskappy van die Romeine. Palestina het in daardie stadium onder beheer van die Romeine gestaan en hulle was dus onder Romeinse wette en moes belasting aan die Romeinse staat betaal. Hulle het gedink as Jesus die Messias was, sou Hy hulle van hierdie Romeinse juk kon bevry. Sekerlik sou die politieke bevryder wat Israel die wapen sou laat opneem het teen Rome Hom nie deur die Joodse geestelike leiers laat oorgee om gekruisig te word nie. Magtige vegters en leiers sterf tog nie aan kruise nie. Die kruis was die een plek waarvan niemand op daardie stadium nog

ooit van teruggekeer het nie. Die kruis was die Romeinse se manier om mense wat in opstand gekom het teen die Romeinse regering, tereg te stel. Die kruis het vertel Rome het gewen en jy die gekruisigde het verloor. Die kruis het dus vir hierdie twee dissipels vertel Rome het gewen en Jesus hulle leier het verloor. Dalk het hulle na die kruisiging selfs gedink Hy was toe waarskynlik nie die Messias nie.

Ons verkeerde prentjies van God kan ook vir ons baie seer en verwarring bring. As jy dink om kind van God te wees gaan dit met jou altyd net goed laat gaan, of nooit kanker op jou pad bring en sal sorg dat jou kinders nooit probleme het nie, dan kan jou geloof baie seerkry as dit nie met jou goed gaan nie, of jy kry kanker of een van jou kinders word geskei of verloor hulle werk. Daar is vandag die teologiese lyn van die little gods teologie wat eerstens vir ons wil leer ons is meer as mense- ons is eintlik gode, want ons stam van die Here af. Mense wat dit preek soos Creflo Dollar is volop op veral TBN. Die gevolg as ons gode is, is natuurlik dat gode nie teenspoed kan hê nie en dat gode nie siek kan word nie. Wat gebeur nou met mense wat wel teenspoed ervaar en wel siek word?

As jy teleurgestelde hoop ervaar, gaan na die Skrif:

Jesus verduidelik vir hulle die Skrifte, die Ou Testament. Daar staan duidelik dat die Messias sal ly en sterf en so by verheerliking sou uitkom. Dink maar aan Jesaja 53 waar daar oor die komende Dienaar van die Here of die komende Messias gepraat word: Tog het Hy ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra. Oor ons oortredings is Hy deurboor, oor ons sondes is Hy verbrysel, die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur SY wonde het daar vir ons genesing gekom.

Iemand skryf een van die grootste probleme van mense vandag is dat ons nie genoeg tyd met ons Bybels spandeer nie. Ons geestelike voorvaders het hiervoor gebloei. Martin Luther se eerste stap as Hervormer was om die Bybel van sy tyd wat net in Latyn was en in die priesters alleen se hande was, in Duits te vertaal sodat elke mense self die Bybel kon lees. Daarvoor is hy en ander soos hy ernstig vervolg. Ons minag eintlik vandag ons eie geskiedenis omdat ons nie genoeg tyd spandeer met ons Bybels nie. Ons oordeel die Here en dit wat met ons gebeur na aanleiding van ons eie of ander mense se ervarings van God en die lewe. Ons is gewortel in ons en ander se ervarings van die Here, maar nie altyd in die Here se Woord self nie. Die Here se Woord korrigeer ons verkeerde prentjies of ander mense se verkeerde prentjies van die Here. Die Bybel troos nie net nie- dit wys ons ook tereg, soos wat Jesus self ook hierdie twee dissipels op pad na Emmaus tereg gewys het. Hy het hulle nie ongelowig genoem nie, maar onverstandig.

Hoe praat die opgestane Here wat opgevaar het na die hemel vandag met SY kinders? Deur die Bybel, die Skrifte. Die Gees van God is die goddelike onderwyser wat ons begelei en leer deur die handboek van God se Woord. Die Woord van God bring ons tot nuwe insigte, dit steek ons geloof weer aan die

brand en laat ons hoop weer herleef. Want die God van hoop soos ons laas week gehoor het, is agter Sy Woord en staan in vir die waarheid daarvan.

As jy teleurgestelde hoop ervaar, moenie jou onttrek nie. Bly stap saam met ander:

Ons eerste reaksie as ons teleurgestelde hoop beleef, is om ons van die Here te onttrek. Ek het Hom so vertrou, maar Hy het my nie gehelp nie. Die tweede is om ons van ander mense te onttrek. Ek sien nie kans vir ander mense nie-ek moet hierdie ding eers op my eie probeer deurwerk.

Die twee dissipels van Jesus wat saam met mekaar na Emmaus gestap het se las was albei swaar en albei se teleurstelling groot, maar hulle las was beslis ligter omdat hulle dit met mekaar kon deel. Hulle het ook soos die gebruik in daardie tyd om gasvryheid aan vreemdelinge te betoon, gasvryheid aan Jesus betoon wat saam met hulle begin loop het, al het hulle Hom aanvanklik nie erken nie. So het hulle die Messias en die opgestane Here in hulle geselskap ingenooi sonder dat hulle dit besef het. So leer hulle om die Skrifte te begryp oor die Messias en dat Hy moes ly en het hulle in die saam eet hierdie spesiale oomblik saam met die opgestane Here kon deel.

Hier by hulle huis waar een van hulle volgens Joodse gebruik as gasheer moes optree, tree Jesus as die gasheer op en breek die brood vir hulle. As hulle besef die Here was by hulle en het waarlik opgestaan, hou hulle dit nie vir hulself nie. Hulle stap weer al twaalf kilometer terug Jerusalem toe om dit vir hulle mede-dissipels te gaan vertel. Partykeer is die belangrikste besef as jy swaar kry of jou hoop teleur gestel is, dat daar ander mense is wat jou ervaring deel of ten minste die pad saam met jou sal bly stap. Miskien leer die gedeelte ons opnuut dat ons dalk baie meer by vreemdelinge en onwaarskynlikes kan leer as wat ons mag dink. Dat om die grens na die vreemdeling, hulle wat anders as ek dink of glo of doen oor te steek, dalk een van die beste ervarings van ons lewens kan wees. En as die Here jou hoop laat herleef, behoort jy hierdie ervaring met ander te gaan deel sodat hulle hoop en geloof ook opnuut versterk kan word.

Galasiërs 6 herinner ons dat kinders van die Here mekaar se laste dra en so die wet van Christus vervul. Ek het dit al so baie gehoor. Ek sou nie deur daardie moeilike tyd gekom het as dit nie vir die mense om my was nie. Hulle het my gedra. Dis hoekom die Here ons vir mekaar gegee het.

Hy bly by my deur al die seisoene van my geloof:

Ons geloof gaan deur seisoene. Soms is dit vir baie maklik om te glo en ons dink amper nie eers daarvoor nie. Ander tye kom daar net sulke slegte en skokkende dinge of gebeure op ons pad dat dit vir ons baie moeilik word om te glo. Dat dit selfs vir ons mag voel nou draai ek my rug op die Here en op my geloof. Die twee dissipels op die Emmauspad het hul rug op Jerusalem gedraai, maar eintlik daarmee op Jesus self. Hulle het die verwagting en hoop opgegee dat Hy kan doen wat Hy gesê het- dat Hy weer

op sal staan. Maar Jesus het nooit SY rug op hulle gedraai nie. Hebreërs 13:5 bevestig dit vir ons: Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie. Ek is ook nie alleen as my hoop opdroog en my verwagting oor die toekoms sneuwel nie. Ons het laas week in Romeine 15 gelees ons hoop word al meer deur die werk van die Heilige Gees in ons lewens. Hy gebruik die Woord van God, die Skrifte om ons weer tot helderheid en nuwe hoop te bring en Hy gebruik ander mense se troos en ondersteuning en bemoediging om ons vorentoe te laat gaan.

Die wete dat Jesus by ons is, ook vandag, verander ons donkerte, ons twyfel, ons gevoel van verlatenheid in lig. Annie Dillard gebruik die mooi beeld om te verduidelik wat moeilike tye en donker tye in ons lewens kan doen: You do not have to sit outside in the dark. If however, you want to look at the stars, darkness is required. Die donker tye in ons lewens is baie keer die agtergrond waarteen ons geestelik die sterre weer duideliker leer sien- die omgee van vriende, die lig van die Skrif, die troos van die Gees, die teenwoordigheid van die Here.

Amen